Downloaded from
www.grade12pastexampapers.co.za

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

Praktiese Assesseringstaak

Rekenaartoepassingstegnologie

Selfstudiegids vir die doen van die PAT

Downloaded from www.grade12pastexampapers.co.za

Rekenaartoepassingstegnologie

Praktiese Assesseringstaak – Selfstudiegids vir die doen van die PAT

Wat is die PAT?

Die PAT is ‘n projek waarmee jy jou inligtingsbestuursvaardighede, met behulp van die gebruik van die toepassingspakkette wat jy bestudeer het, gaan demonstreer deur ‘n saak te ondersoek en ‘n verslag te skryf waarin jy jou bevindinge aanbied, aanbevelings maak of idees voorstel.

Dit is ‘n enkele, aaneenlopende projek wat in fases gedoen word. Elke fase bou op ‘n vorige fase en ‘n daaropvolgende fase lig ‘n vorige fase toe. Die taak wat in die eerste fase gedefinieer word, is die taak wat met die finale projek voltooi word.

Die PAT gebruik ‘n gestruktureerde proses deur beginsels te gebruik wat jou sal help om gefokus te bly. Dit vat al die vaardighede wat in Rekenaartoepassingstegnologie geleer is, saam. Die PAT vereis van jou om al hierdie vaardighede op ‘n geintegreerde wyse toe te pas.

Oorsig oor die PAT:



Downloaded from www.grade12pastexampapers.co.za

Voorbereiding vir die PAT

Waar om te begin en wat om eerste te doen – dinkskrumsessie

- Lees die scenario
- Skryf die inligting wat gegee is en vereis word, neer
- Skryf jou aanvanklike gedagtes neer
- Identifiseer ‘n moontlike onderwerp/fokusarea binne die scenario
- Skryf moontlike subonderwerpe neer
- Het jy ‘n duidelike oorsig?



- Oorweeg of jy in staat sal wees om dit te doen:

  Reikwydte?

  Te wyd: Jy gaan probleme ondervind aangaande wat om in te sluit, sal te veel inligting moet hanteer, mag dalk nie in staat wees om betyds te voltooi nie
  Verklein die omvang deur slegs op een of ‘n paar beperkte aspekte te fokus

  Te nou: Die kans is dat jy nie genoeg gaan vind om oor te skryf om die bladsye te vul of ‘n sinvolle verslag aan te bied nie

  Inligting?

  Sal jy in staat wees om die inligting wat jy gaan nodig kry te vind, wanneer jy in ag neem watter bronne tot jou beskikking is?

  Is dit doenbaar?

  Sal jy in staat wees om ‘n sigblad (Graad 10 – 12) en ‘n databasis (Graad 11 en 12) te gebruik?

Selfevaluering

Kontroleer jou besluit met die inligting wat hierbo verskaf is

Downloaded from www.grade12pastexampapers.co.za

Kontrolepunt

Vra een of twee van jou maats om jou onderwerp (scenario) en idees na te gaan
Vra ook jou onderwyser om hierna te kyk.



Berei die lêerstruktuur voor

- Skep gidse en subgidse om toepaslike dokumente en bewyse in te stoor
- Benoem die hoofgids deur jou van en naam te gebruik
- Skep ‘n subgids vir elke fase



- Skep meer subgidse binne elke gids soos nodig om jou dokumente in te stoor

Downloaded from www.grade12pastexampapers.co.za

Beplanning – begin om dokumente vir Fase 1 voor te berei



Fase 1

Taakdefinisie

- Beskryf in jou eie woorde wat gedoen moet word deur in ag te neem wat die probleem is wat jy moet ondesoek en waaroor jou ondersoek sal gaan, deur met die frase: *Ek gaan…* te begin



Downloaded from www.grade12pastexampapers.co.za

Hoofvraag:

- Skryf jou hoofvraag neer deur die essensie en fokus van jou ondersoek te bepaal en dit in vraagvorm om te skakel:



?

Dit moet die leser presies vertel waaroor jou ondersoek gaan handel en waarop jy sal fokus
Dit moet jou daarvan weerhou om verlore te raak of die pad byster te raak wanneer jy die ander vrae vra
Hou dit eenvoudig en duidelik

Faktore om in ag te neem wanneer jy jou hoofvraag formuleer:

Sal **jy** in staat wees om dit te ondersoek?
Is die reikwydte hanteerbaar?
Kan dit in die beskikbare tyd gedoen word?
Sal jy in staat wees om dit met die bronne waartoe jy toegang het te doen ?

Let Wel: Doen liewer iets eenvoudigs en doen dit reg, eerder as om oorboord te gaan.

Kontrolepunt

Vra een of twee van jou maats om jou taakdefinisie en jou hoofvraag na te gaan
Vra ook jou onderwyser om daarna te kyk.



Downloaded from www.grade12pastexampapers.co.za

Identifiseer die hoofpunte

- Kyk na jou aanvanklike dinkskrum
- Bepaal die sub-onderwerpe wat jy gaan aanspreek



Faktore om in ag te neem wanneer jy jou opskrite / sub-onderwerpe identifiseer:
Hou hierdie verband met my taakdefinisie en my hoofvraag?
Sal **ek** in staat wees om dit te ondersoek?
Moet ek dalk die aantal sub-onderwerpe verminder?
Sal **ek** in staat wees om inligting te vind wanneer ek die bronne waartoe ek toegang het in ag neem?

Let wel: *Jou hoofvraag en sub-onderwerpe behoort jou te verhoed om om verlore te raak of die pad byster te raak wanneer jy inligting soek*

Downloaded from www.grade12pastexampapers.co.za

Opstel van vrae

- Skryf vrae wat jou sal help om jou ondersoek te doen, neer
  - Jy kan vrae onder elke sub-onderwerp neerskryf of
  - sommer net vrae neerskryf en dit later onder elke sub-onderwerp rangskik
  - Jy mag selfs 'n nuwe sub-onderwerp/opskrif op hierdie stadium identifiseer wanneer jy jou vrae neerskryf of vind dat van die sub-onderwerpe/opskrifte nie gaan werk nie
- Probeer om vrae te vra wat met die volgende frases begin:

Vlak 1: Vrae wat uitdruklik deur feite beantwoord kan word, bv. vrae wat begin met woorde soos Wat? Wanneer? Waar? Hoe? Hoeveel? ens.

Vlak 2: Vrae wat jou sal help om te ondersoek, ontdek, bevraagteken, bv. vrae wat begin met woorde soos Hoekom? Hoe? ens.

Vlak 3: Vrae wat jou sal help om aanpassings te maak, wysigings aan te bring of voorspellings te maak, bv. vrae wat begin met woorde soos As? Wat as? ens.

Vlak 4: Vrae wat jou sal help om 'n oordeel te vel, te kritiseer, te hersien of om betekenis van een of ander aard te vind, bv. vrae wat met woorde begin soos Sal dit beter wees as? Watter aanbeveling? Hoe kan ek bepaal?, Wat sal die beste manier wees? ens.

Rasionaal vir vrae

- Toon vir elke vraag aan hoe die antwoord op die vraag jou sal help in jou ondersoek deur geskikte inligting en data vir verwerking te vind– m.a.w. moenie net enige vraag byvoeg nie, maak seker dat jy dit sal nodig kry vir jou ondersoek



Downloaded from www.grade12pastexampapers.co.za

Bronne

- Identifiseer ‘n moontlike bron vir elke vraag
- Neem die verskillende bronne / gereedskap in ag:



Nota aangaande opnames/vraelyste en onderhoude

Jy gaan ook ‘n opname/vraelys nodig hê of miskien jy wil graag ‘n onderhoud voer
Jy gaan nodig hê om vrae op te stel vir jou vraelys/opname of jou onderhoud

Onthou:

- Geslote’ vrae is beter vir ‘n vraelys/opname, bv. vrae met slegs een antwoord of waar mense ‘n antwoord kan kies vanaf ‘n lys wat voorsien word– oop-einde vrae is soms moeilik om te ontleed
- Probeer om ‘n proeflopie te doen voordat jy ‘n opname maak sodat jy kan seker wees dit kan ontleed word (berekeninge, grafieke, ens.)
- Jy sal moet besluit watter vrae om tydens die onderhoud te vra en hoe jy hierdie antwoorde gaan gebruik.

Downloaded from www.grade12pastexampapers.co.za

Jy behoort nou

- te besluit het op jou sub-onderwerpe
- vrae te hê vir elke sub-onderwerp
- redes te hê oor waarom jy die vrae vra
- ‘n moontlke bron vir elke vraag te kon identifiseer
- reeds vrae vir jou vraelys / opname / onderhoud op te gestel het
- jou vraelys / opnamevorm te geskep het
- gereed te wees om die bronne te raadpleeg en die inligting wat jy nodig het te vind



Faktore om in ag te neem wanneer jy bronne / gereedskap bepaal:
Het ek 'n opname/vraelys nodig? Watter vrae sal ek in die vraelys / opnamevorm insluit ? Sal ek in staat wees om hierdie inligting the verwerk? Sal dit aan my 'n antwoord verskaf of 'n neiging/patroon toon? Sal dit nodig wees om onderhoude met mense te voer om party antwoorde te kry? Watter vrae sal ek hulle vra? Hoe sal ek hierdie antwoorde gebruik?
Sal ek nodig hê om die Internet te gebruik? Hoe sal ek my soektog uitvoer?
Is die bron betroubaar?

Downloaded from www.grade12pastexampapers.co.za

Jy kan die volgende tabel gebruik om dit wat jy tot dusver gedoen het, neer te skryf:

Sub-onderwerp	Vraag	Vlak	Rasionaal (Hoekom het ek hierdie vraag gevra?)	Moontlike bron (Waar sal ek die inligting kry?)

Kontrolepunt

Vra een of twee van jou maats om jou vrae, redes en bronne na te gaan
Vra ook jou onderwyser om daarna te kyk



Downloaded from www.grade12pastexampapers.co.za

Vind, kry toegang tot en versamel inligting

- Gebruik strategieë van vorige stappe om inligting te vind, toegang daartoe te verkry en versamel die inligting en data wat jy gaan nodig kry, bv.
  - Handig vraelyste / opnamevoms uit en versamel na voltooing
  - Voer onderhoude
  - Gebruik die Internet en ander bronne en versamel toepaslike inligting – maak aantekeninge
- Stoor dokumente en bewyse elektronies in die Fase 1 lêergids wat jy geskep het



Downloaded from www.grade12pastexampapers.co.za

Evalueer bronne

- Kontroleer dat die inligting betroubaar is
- Evalueer die bronne
- Skryf vir die verskillende bronne neer hoe jy sal bepaal of die inligting betroubaar en van goeie kwaliteit is, bv. kyk na akkuraatheid, gesaghebbendheid, objektiwiteit, tydigheid en dekking.



Downloaded from www.grade12pastexampapers.co.za

Kontrolepunt

Kontroleer of jy alles gedoen het wat vereis word voordat jy jou dokument vir Fase 1 inhandig.
Vra ook 'n maat om dit na te gaan.

Taak	Self	Maat	Kommentaar
Taakdefinisie?			
Maak sin?			
Volgens scenario?			
Hoofvraag?			
Maak sin?			
Gefokus?			
Rig ondersoek?			
Sub-onderwerpe?			
Vrae			
Genoeg?			
Volgens opskrif/ondewerp?			
Benoem volgens vlak?			
Rede?			
Moontlike bron?			
Bronne en inligting			
Geëvalueer?			
Bibliografiese inligting?			
Beantwoord vrae?			
Verskeidenheid?			
Gereedskap bv. vraelys/opnamevorm			
Bewyse			
Beskikbaar?			
Hiperskakels/ Kruisverwys?			
Lêerstruktuur?			
Goed georganiseerd?			

Handig in

- Finaliseer jou dokument wat vir Fase 1 ingehandig moet word

Jy kan jou tabel uitbrei om vir al die inligting voorsiening te maak:

Opskrif / sub-onderwerp	Vraag	Vlak	Rasionaal (Hoekom het ek die vraag gevra?)	Moontlike bron (Waar sal ek die inligting vind?)	Is hierdie inligting betroubaar? Gee motivering	Bewyse van inligting (Hiperskakel, skermafdruk, verwysing, ens) en bibliografiese inligting

- Voeg 'n skermafdruk van jou lêerstruktuur in
- Voorsien 'n lys van bewyse.

Kopiereg voorbehou

Downloaded from www.grade12pastexampapers.co.za

Beplanning / oorsig Fases 2

- Verkry ‘n duidelike oorsig van die volgende stap in die proses asook die sperdatums



Downloaded from www.grade12pastexampapers.co.za

Fase 2

Gebruik inligting – Beplan die verslag

- Skep 'n raamwerk om aan te toon hoe jy die inligting en data in jou verslag gaan gebruik
  - Watter opskrifte en sub-opskrifte gaan jy gebruik? Verwys na sub-onderwerpe in fase 1.
  - Hoe en waar gaan jy die antwoorde op die vrae gebruik?
  - Hoe gaan jy die verskillende pakkette integreer?
  - Watter bewyse gaan jy gebruik om jou bevindinge en aanbevelings te ondersteun?
  - Hoe gaan jy die bewyse gebruik?
  - Wat gaan die volgorde wees?



Downloaded from www.grade12pastexampapers.co.za

- Beplan elke seksie en elke paragraaf



Downloaded from www.grade12pastexampapers.co.za

Verslagbuitelyn

Hoofopskrif {Heading 1}

2. Inleiding {Heading 2}

   Stel doel, gee oorsig / agtergrond, gee konteks van verslag

3. Liggam

   Paragrawe

   Onderwerp 1 {Heading 2}
   Sleutelwoorde rakende inligting oor die onderwerp kom hier
   Ondersteunende bewyse kom hier, bv. grafiek

   Onderwerp 2 {Heading 2}
   Sleutelwoorde rakende inligting oor die onderwerp kom hier
   Ondersteunende bewyse kom hier, bv. navraag

   Sub-onderwerp {Heading 3}
   Sleutelwoorde rakende inligting oor die onderwerp kom hier

   Sub-onderwerp {Heading 3}
   Sleutelwoorde rakende inligting oor die onderwerp kom hier
   Ondersteunende bewyse kom hier, bv. tabel

   Onderwerp 3 {Heading 2}
   Sleutelwoorde rakende inligting oor die onderwerp kom hier
   Ondersteunende bewyse kom hier, bv. grafiek

   Sub-onderwerp {Heading 3}
   Sleutelwoorde rakende inligting oor die onderwerp kom hier

4. Gevolgtrekking {*Heading 2*}

   Bevindinge, aanbevelings

Kontrolepunt

Vra een of twee van jou maats om jou beplanning na te gaan
Vra ook jou onderwyser om daarna te kyk



Downloaded from www.grade12pastexampapers.co.za

Gebruik inligting – Verwerk en analiseer inligting en data

Skep sigblad

- Sleutel data vanaf die vraelys/opname in, dra data wat op ander plek ingesamel is, oor
- Gebruik funksies en formules om data te verwerk tot betekenisvolle inligting – om te help om die vrae te beantwoord en jou bevindinge te ondersteun
- Maak opsommings
- Skep sinvolle grafieke – om te help om vrae te beantwoord en jou bevindinge/aanbevelings te ondersteun

Skep databasis

- Sleutel in, dra oor of voer inligting ingesamel in
- Skep sinvolle navrae – om te help om die vrae te beantwoord en jou bevindinge/aanbevelings te ondersteun
- Skep sinvolle verslae – om te help om vrae te beantwoord en jou bevindinge/aanbevelings te ondersteun



Downloaded from www.grade12pastexampapers.co.za

Kontrolepunt

Vra een of twee van jou maats om jou verwerking en ontleding na te gaan
Vra ook jou onderwyser om dit na te gaan



Downloaded from www.grade12pastexampapers.co.za

Kontrolepunt

Kontroleer of jy alles wat vereis word gedoen het voordat jy jou dokument vir Fase 2 inhandig. Vra ook 'n maat om dit na te gaan.

Taak	Self	Maat	Kommentaar
Beplanning			
Elke seksie?			
Inleiding			
Liggaam			
Gevolgtrekking			
Opskrifte / Sub-opskrifte?			
Paragrawe?			
Sleutelnotas rakende wat in elke paragraaf sal wees?			
Hoe vrae geantwoord sal word?			
Hoe pakkette gebruik sal word?			
Waar die ondersteunende inligting geplaas sal word?			
Organisasie?			
Analise			
Sigblad			
Berekeninge (formules en funksies)?			
Grafieke?			
Maklik om te interpreteer?			
Betekenisvol?			
Voorsien antwoorde?			
Maklik om te lees en te interpreteer?			
Databasis			
Ontwerp?			
Tabel – aantal rekords?			
Navrae?			
Verslae?			
Berekeninge?			
Betekenisvol?			
Voorsien antwoorde?			

Handig in:

- Beplanningsdokument met die verslagraamwerk en inligting
  - oor hoe jy beplan om die inligting te gebruik
  - waar jy beplan om dit te gebruik
  - hoe dit georganiseer gaan word

- Voltooide sigblad saam met die elektroniese lêers waar jy die inligting en data verwerk en ontleed het
- Voltooide databassis saam met elektroniese lêers waar jy inligting en data ontleed het

Kopiereg voorbehou

Downloaded from www.grade12pastexampapers.co.za

Beplanning / oorsig Fase 3



Downloaded from www.grade12pastexampapers.co.za

Fase 3: Gebruik inligting – Voeg alles saam, voltooi die legkaart

- Gebruik jou woordverwerker om die verslag te finaliseer
- Gebruik die raamwerk en skep die verslag deur gebruik te maak van die inligting, data en ondersteunende bewyse van vorige fases.



Downloaded from www.grade12pastexampapers.co.za

Berei die aanbieding voor

Berei ‘n opsomming van die verslag voor of skep ‘n aanbieding rakende enige verwante saak



Downloaded from www.grade12pastexampapers.co.za

Kontrolepunt

Kontroleer of jy alles wat vereis word gedoen het voordat jy jou dokument vir Fase 3 inhandig. Vra ook ‘n maat om dit na te gaan.

Taak	Self	Maat	Kommentaar
Titelblad?			
Inhoudsopgawe?			
Inleiding			
Konteks van die ondersoek?			
Duidelike oorsig?			
Liggaam			
Opskrifte en sub-opskrifte?			
Organisasie:			
Volgorde?			
Ondersteunende bewyse?			
Eenheid? Verwante inligting saam?			
Samehang?			
Geen duplisering?			
Nuwe kennis en insig?			
Grafieke / Grafika			
Ondersteun teks?			
Korrek geplaas?			
Subtitels?			
Gevolgtrekking			
Hoofpunte?			
Aanbeveling?			
Bladsynommers?			
Integrering tussen pakkette?			
Verwysings?			
APA of Harvard metode?			
Aanbieding?			
Leesbaar?			
Goeie smaak? / geskik vir teikengehoor?			
Nie te besig nie?			
Raamwerke gebruik?			
Skyfiestruktuur?			
Titelskyfie?			
Menu of inhoudsopgawe?			
Inleiding?			
Liggaam?			
Gevolgtrekking/bevindings?			
Lettertipe?			
Inlynstelling / style?			
Kleur?			
Agtergrond?			
Grafieke / Grafika/ Prente?			
Multimedia effekte?			
Aksieknoppies / hiperskakels / *hotspots*?			
Integrering?			
Oorgange / animasie?			
Spelling en taal?			

Kopiereg voorbehou

Downloaded from www.grade12pastexampapers.co.za

Handig in

1. Jou finale verslag wat die volgende bevat
   - Inleiding
   - Liggaam/Paragrawe wat die taak en die bevindinge/oplossing bespreek en grafika/beelde, tabelle, grafieke, navrae, verslae insluit wat in fase 2 geskep is om die aanbevelings of bevindinge te ondersteun
   - Gevolgtrekking – gee die oplossing/maak ‘n voorstel/bied jou bevindinge/idée aan

   Die verslag moet die volgende insluit:
   - Titelblad
   - Inhoudsopgawe
   - Inleiding
2. Jou aanbieding

‘n Opsomming van die verslag/bevindings/aanbevelings of ‘n visuele voorstelling rakende enige verwante saak deur gebruik te maak van die vierde pakket wat jy bestudeer het

Kopiereg voorbehou

Downloaded from www.grade12pastexampapers.co.za